1.18 Wynand het Elsie vir die eerste keer regtig raakgesien toe hulle in die laboratorium was.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.18.1 tot 1.18.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.18.1 | Wynand het gesien dat Elsie se hande pers gevlek is. | A | Wynand het die miershoop met klippe gemerk. |
| 1.18.2 | Gedurende die vakansie het Wynand die hele tyd aan Elsie gedink. | B | Wynand wou vir Elsie al die bome op die plaas wys. |
| 1.18.3 | Wynand wou die tongblaar voor skool gaan pluk. | C | Wynand het gewonder wat Elsie van die tongblaar sou dink. |
| 1.18.4 | Wynand het die tongblaar die eerste dag saamgevat skool toe om vir Elsie te wys. | D | Dit was vir Wynand lekker om op die plaas te werk. |
| | | E | Wynand het gewens dat hy 'n paar groen moerbeie gehad het. |

(4 x 1) (4)

1.19 Wynand het die tongblaar in sy tas gebêre.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.20.1 en 1.20.2) en die antwoord neer.

Na die vakansie was Klaas nog net so (1.20.1) (irriterend/behulpsaam) soos altyd. Vir Wynand was dit (1.20.2) (lekker/'n probleem) dat Klaas altyd saam met hom wou wees. (2)

1.21 Janka het graag vir die ander kinders byname gegee.

Waarom hou party mense nie van byname nie? (1)

1.22 Wynand wou Elsie se vinger meet.

Waarom was dit goed dat Wynand nie vir Klaas hiervan vertel het nie? (1)

1.23 Hoe slaag die skrywer daarin om aan die einde van die verhaal te beklemtoon dat Wynand gelukkig is? (1)

1.24 Elsie het gesê dat die tongblaar mooi is.

Watter les leer jy hier by Elsie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

